Notule van die **9de** Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes

gehou in die *Raadsaal, Kerkstraat 15, Munisipale Kantore, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 09 Desember 2014**

om **10:15**

Teenwoordig:

Raadslede SM Motsoane [Speaker], G Adolph [Voltydse Raadslid], G de Vos, L Deyce, M Furmen, J Bostander, EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester], GT Murray, AM Slabbert, DE Welgemoed, en AD Willemse

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

Afwesig:

Raadslid R van der Linde

In diens:

Munisipale Bestuurder, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Wrnde. Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Finansiële Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste [R Klink] en Komitee Beampte

Die Speaker versoek Raadslid G Adolph om die vergadering op ŉ gepaste wyse deur middel van gebed te open waarna Raadslid GP Adolph almal teenwoordig versoek om die "Onse Vader" gebed saam te bid.

Gevolglik meld die Speaker dat geleentheid nou aan besoekers gegun sal word om eerstens hul voorleggings aan die Raad te maak en gee sommer onmiddellik oor aan me. M Malendala om namens Xhaka le Gusha Tsaneng ŉ voorlegging te maak.

6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

6.1 VOORLEGGING: PROPOSAL ON BENEFICIARY MANAGEMENT AND SUBSIDY ADMINISTRATION BY XHAKA LE GUSHA TRADING 201/173100/23

14/11/3/1

Ms Malendela made a presentation to Council regarding a proposal on beneficiary and Subsidy Administration for the Beaufort West Municipality that seeks to assist Beaufort West Local Municipality in compiling and creating a Housing Demand Database on all persons, living in informal settlement areas, backyard dwellers, special groups – persons living with disabilities, youth, women, military veterans and so forth, that are eligible due for a subsidy from Government in all available and approved subsidy groups.

After discussion of this matter it was

RESOLVED

6.1.1 That all relevant information regarding the proposal on Beneficiary Management and Subsidy Administration offered by Xhaka Le Gusha Trading be forwarded to the Acting Director: Community Services for comment.

6.1.2 That the information regarding the proposal on Beneficiary Management and Subsidy Administration together with the comment of the Acting Director: Community Services be tabled at the next Council meeting.

6.2 TP MOKASILE AND SONS CC SOLAR GEEZERS

13/2/5/3

Mr.T.P. Mokasile made a presentation to Council regarding an offer to supply and install geysers to households in the Beaufort West Municipal jurisdiction area.

After discussion of this matter it was:

RESOLVED

6.2.1 That the Municipal Manager provide TP Mokasile and Sons cc with a letter of Councillors intentions to enter into a contract with TP Mokasile and Sons cc for the supply and installation of solar geysers for households in the Beaufort West Municipal area.

6.2.2 That the Municipal Manager must ensure that TP Mokasile and Sons cc clearly indicate what the intention with regard to the implementation of their proposal is.

6.3 VOORLEGGING: ENERGY POWER SYSTEMS SOLAR GEYSERS

13/2/5/3

'n Afgevaardigde van Energy Power Systems meld dat die Raad hul versoek het om kwotasies van die onkostes vir die aankoop van 100 en 'n 1000 solar geisers sal wees. Voorts meld die afgevaardigde dat Energy Power Systems gebruik sal maak van plaaslike arbeid en dat die sodaniges ook opleiding sal ontvang vir die installering van die son energie geisers. Die afgevaardigde meld ook dat die son energie geiser 'n waarborg van vyftien (15) jaar het.

Na aanleiding van die aangeleentheid word soos volg:-

BESLUIT

Dat die Raad kennis neem van die voorlegging soos gemaak deur "Energy Power Systems" (Pty) Ltd.

6.4 VOORLEGGING: HERBAL LIFE

9/1

'n Verteenwoordiger van Herbal Life maak 'n voorlegging aan die Raad met betrekking tot die produkte wat Herbal Life aanbied vir die bevordering van 'n gesonde leefstyl.

Na aanleiding van die aangeleentheid word soos volg:-

BESLUIT

6.4.1 Dat die Raad kennis neem van die voorlegging wat deur die twee (2) verteenwoordigers van Herbal Life gemaak is.

6.4.2 Dat die kontak besonderhede van Herbal Life verkry word en aan Mnr. F Sabbat voorsien word ten einde laasgenoemde in staat te stel om 'n afspraak met Herbal Life te maak om so voorlegging aan sy personeel binne sy Departement ook te maak.

Die Speaker meld dat hy sy misnoeë graag wil uitspreek teenoor Raadslede en wou dit nie doen terwyl die persone nog besig was met hul voorleggings nie. Die Speaker meld dat hy oplet dat wanneer mense / persone besig is om voorleggings te maak aan die Raad, daar 'n totale wanorde heers in die raadsaal, veral waar dit kom by ras. Voorts versoek die Speaker dat die Raad almal met dieselfde respek moet hanteer, om sodoende elkeen te laat voel dat die Raad waarde heg aan sy/haar voorlegging. Die Speaker versoek dat dit nie weer in die toekoms moet gebeur, wanneer persone besig is met hul voorleggings, en dat Raadslede wie hulle voortaan daaraan skuldig maak sal versoek word om op te staan en verskoning vra.

Die Speaker meld dat hier nou weer 'n soortgelyke geval is wat besig is om plaas te vind waar mense / werkers na die Raadsaal optog gehou het en Raadslede se voertuie beskadig is in die proses, onder andere Raadslid de Vos se voertuig. Gevolglik versoek die Speaker dat die Raadsvergadering verdaag word tot Maandag, 15 Desember 2014 om 10:00 ten einde te verhoed dat Raadslede se besittings weer daaronder ly. Voorts meld die Speaker dat die Raad liewer hierdie werkers se standpunt aanhoor en nie Raadslede se lewens in gevaar stel deur met hierdie vergadering aan te gaan nie.

Die Speaker verdaag die vergadering synde 11:45 tot Maandag, 15 Desember 2014 om 10:00.

By aanvang van die 9de Raadsvergadering gehou op Maandag, 15 Desember 2014 om 10:15 was die volgende:-

Teenwoordig:

Raadslede SM Motsoane [Speaker], G Adolph [Voltydse Raadslid], G de Vos, L Deyce, M Furmen, J Bostander, GT Murray, AM Slabbert, DE Welgemoed, en AD Willemse

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester]

Afwesig:

Raadslede R van der Linde en EAJ Beyers

In diens:

Munisipale Bestuurder, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Direkteur: Elektrotegniese Dienste, Wrnde. Direkteur: Ingenieursdienste [C Wright], Direkteur: Finansiële Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste, Finansiële Konsultant [D Hanekom], Komitee Beampte en Senior Klerk: Komitees

Raadslid L Deyce open die vergadering met gebed.

Raadslid DE Welgemoed versoek of hy vanaf die vergadering verskoon kan word en verlaat die vergadering om 10:25 sluit weer om 10:55 by die vergadering aan.

Die Speaker meld dat Raadslid AM Slabbert om 12:30 verskoon moet word om 'n ander vergadering by te woon.

Die Speaker meld dat slegs die volgende items bespreek gaan word naamlik 8.1.3, 8.1.5, 8.1.9, 8.1.10, 8.1.11, 8.1.23, 8.1.35, 8.1.49, 8.8, 8.18, 8.21, 8.24, 8.25

1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER

GEEN

2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID

3/4/1

Die Speaker, Raadslid S.M. Motsoane meld dat die Raad in reses gaan, maar dat Raadslede/here beskikbaar moet wees wanneer daar dringende aangeleenthede bespreek word.

3. GOEDKEURING VAN NOTULES –

Raadslid GP Adolph gesekondeer deur Raadslid G de Vos stel voor dat die onderstaande notules soos gesirkuleer, goedgekeur en aanvaar word-

3.1 7de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 23 September 2014** onderworpe aan die volgende wysigings:

8.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN VERSKEIE WOONERWE TE RUSTDENE
7/3/4/1/3/2

Erf 4491 geskrap word omdat die erf alreeds verkoop is en nie deel vorm van die erwe wat verkoop word nie.

3.2 7de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Dinsdag, 23 September 2014** [Afsonderlike Notuleboek]

3.3 14de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes soos gehou op **Woensdag, 01 Oktober 2014**

3.4 15th Special Council Meeting of the Local Council for Beaufort West held on the **Monday, 17th November 2014**

EENPARIG AANVAAR
ALDUS BESLUIT

4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER
3/4/1

Baie dankie

Afskrywings van deernisgevalle en ander afskrywings met die nodige en vinnige spoed moet geskied. Dis nie op diskriminerende uitspraak of rassisme gebaseer nie, maar slegs die realiteite dat ons moet kyk dat die “European” kontrakte ten opsigte van konsultante na vore moet kom en nie sommer net hernu word nie; Dat daar gekyk word na swart kontrakte, etniese groepe, Indiër, Maleier, Khoisan, Hottentot en almal mense met kwaliteite sodat ons kan sien dat ons in ’n diverse land lewe. Ons sit net hierso en die konsultante word herhaaldelik gebruik. Ek gaan self kyk en toesien dat dit plaasvind, Munisipale Bestuurder en Direkteure dat dit moet geskied. Ten opsigte van alle afdelings Direkteure dat julle swart konsultante moet aanstel. As daar Direkteure is wie konsultante en wat graag wil hê, ons gaan julle nie voorskryf vir wie om te vat nie, maar sien toe dat daar swart konsultante is, dat dit slegs geïntegreerd is. As daar konsultante is wie se kontrakte klaar maak, laat ons as die Raad dit weet ons weet; dan niks nie.

Ek wil graag hê, ons is die enigste munisipaliteit behalwe die ander klein munisipaliteite wat elke jaar die 1ste Desember die aanskakeling van kersligte het. Beaufort Wes is die grootste deel van al die ander wyke wat in ons munisipaliteit is, maar as ons gaan kyk wat in Murraysburg gebeur het, dat die opening van die liggies hoe dit geskied het en hoe dit beplan is en plaasgevind het. Ons moet gaan kyk wat ons kan doen dat ons begroot daarvoor. Dat ons se dorp wat groter as die ander dorpe is se ligte aangeskakel word. Nie dat ons nie trots is op ons dorp nie, maar dat ons Burgemeester van die dorp die ligte aanskakel. Dat ons 'n Provinsiale of 'n Nasionale spreker kry om deel te vorm van die aanskakeling van die kersligte. Dat ons vir die eerste keer in ons lewe die ligte saam met die MEC of 'n Nasionale Minister deel vorm van die aktiwiteit.

Baie dankie.

5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER 3/4/1

Dankie mnr. Speaker.

Ek wil sommer ook by die liggies aansluit. Ek het gedink dat die liggies hierdie jaar op 'n gepaste wyse aangeskakel gaan word maar dit het glad nie so gebeur nie. Ek ondersteun die manier dat dit op 'n ander manier gedoen moet word.

Die eerste kwessie is die kwessie van die CLO's hulle skep onstettende probleme omdat hulle glad nie induksie gekry het nie en volgens die Menslike Hulpbron kantoor het hulle ook nie kontrakte. Ons sal definitief in die nuwe jaar daarna kyk dat die mense presies moet weet wat hulle moet doen.

Dan het daar ook groot polemiek ontstaan rondom die kantore van Raadslede, dit is die begin plek waar raadslede publieke deelname kan begin maar as hy nie 'n kantoor het nie kan hy nie begin nie. Raadslid Furmen het glad nie 'n kantoor nie hy loop rond en so ook Raadslid Slabbert het ook nie 'n kantoor nie. Dan moet daar dringend gekyk word na Raadslid Adolph hy betaal ook self vir sy kantore. Die System Act bepaal dat indien daar fondse is die Raad vir kantore moet betaal. Dat daar 'n regsopinie gekry word rondom dit vandat hy met sy ampstermyn begin het, het hy die geld betaal. Raadslid Furmen se CLO moet na gekyk word vir 'n spesifiek kantoor. Dan Raadslid J Bostander se CLO is aangestel hier in Beaufort Wes ons kan nou niks daaraan doen nie, maar in Merweville moet Raadslid Bostander self sy eie diskresie gebruik om 'n CLO aan te stel.

Dan sien ons in die koerant is daar "renovations" van kantore. Ek wonder of ons dit nie self kan doen aangesien ons van ons werkers moes aflê daar is nou 'n tender uit na buite toe.

Daar moet aangeteken word, mnr. Smit skryf briewe wat glad nie mooi lyk nie met die woord "jy" in en eindig sy briewe met "hamba kahle" wat glad nie mooi is. As ek dit mooi verstaan as "hamba kahle' wanneer iemand dood gaan jy kan nie jou brief so afsluit nie, ek dink nie dis van pas nie. Ek wil nie so 'n brief hê nie daar het 'n paar

Raadslede aangedui dat hulle ongelukkig is met daardie xhosa woord wat daar gebruik word.

Ek sal graag met geleentheid mnr. Speaker stukke wil in bring; die eerste is 'n brief van Raadslid Jan Bostander wat gaan oor "tokens" wat ons moet bespreek en 'n brief vanaf die Prokureur waarin hy nie pro bona opgetree het maar waar hy opgetree het in die saak toe ons "wild cat strikes" wat plaasgevind het. Aan die einde van die dag was dit 'n munisipale aangeleentheid en dat die rekening nie aan my toegeskryf moet word nie. Ek dink net aan die dinge wat kon gebeur het as ons nie ingetree het nie. En dan weet ons almal dat die Munisipale Bestuurder vir 'n tydlank opgetree het as Direkteur: Finansies en Munisipale Bestuurder en ook dat sy reis en verblyfkoste reg uitgereken is volgens die Staatskoerant 3752 gedateer 05 Januarie 2014.

En dan kan ek nie verstaan nie die Raad het reeds 'n besluit dat rondom Japie Wildschut. Ek weet nie hoekom Japie nie die brief kan kry oor sy afskrywing nie. Daar was 'n bespreking met die Speaker en die Munisipale Bestuurder en in die samespreking het ons uitgevind dat me. Mathilda nie daar was nie. Dat daar 'n brief vir hom gegee word dat sy skuld afgeskryf is die Raad het alreeds so 'n besluit geneem.

Mnr. Jannie Madjiedt is hier. Ek het vir die Speaker gevra om hom 'n kans te gun vir 'n voorlegging ons het gesien in ons begroting dat in 40 % lekkasies, "ageing infrastructure" is en somtyds het ons "billing" probleme. Hy werk vir I4power Technology, dat ons kan kyk na die voorlegging en kyk hoe ons dit as 'n "best practise" in Beaufort-Wes gebruik kan word.

Baie dankie Speaker.

Raadslid DE Welgemoed sluit om 10:55 by die vergadering aan.

6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

6.5 VOORLEGGING: I4 POWER

13/2/1

Mnr. Jan Majiedt van I4 Power hou 'n voorlegging aan die Raad voor met betrekking tot die installering, implementering en instandhouding van "smart" elektriese meters waarna die Raad soos volg-

Raadslid DE Welgemoed gesekondeer deur Raadslid AD Willemse stel voor:-

6.5.1 Dat die Administrasie van alle tersaaklike inligting met betrekking tot die aanbod vir die installering van elektriese "smart meters" vir Beaufort-Wes Munisipaliteit voorsien word.

6.5.2 Dat die inligting soos vermeld in punt 6.1.1 by ontvangs daarvan aan alle Direkteure voorsien word ten einde sodaniges in staat te stel om kommentaar te lewer.

6.5.3 Dat die tersaaklike inligting soos vermeld in punt 6.1.1 tesame met die kommentaar van die relevante Direkteure aan die Raad by die eersvolgende Raadsvergadering voorgelê word.

EENPARIG AANVAAR
ALDUS BESLUIT

8.1 AGENDA: 9de GEWONE MAANDELIKSE RAADVERGADERING: 25 NOVEMBER 2014

8.1.3 AANWYSING VAN RAADSLEDE OP DIE PLAASLIKE ARBEIDSFORUM

3/2/1/B

BESLUIT

bp

Dat die status quo behoue bly en diegene wat dien op die Arbeidsforum versoek word om te verseker dat die Arbeidsforum funksioneer en vergaderings bywoon.

8.1.5 PERSONAL CONTRACT APPOINTMENT: DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES

4/3/1

RESOLVED

bp

That approval be granted that the post of Director: Community Services be advertised in accordance with Regulations on appointment and Conditions of Employment on Senior Managers as published in the Government Gazette No. 3725 of 17 January 2014.

8.1.9 AANSOEK OM HUUR VAN MUNISIPALE GEBOU OP DIE HOEK VAN WYNNE- EN DE KLERKLAAN GELEË OP ERF 1238: BEAUFORT-WES

7/1/2

BESLUIT

aa

Dat goedkeuring verleen word dat die Munisipale gebou op die hoek van Wynne- en De Klerklaan geleë op erf 1238, Beaufort-Wes vir ’n termyn van een (1) jaar aan mnr. A Amsterdam verhuur word.

8.1.10 HERNUWING VAN HUURKONTRAK: MOSTERT UITRUSTERS: WINKEL NR. 2: EX-SANLAMGEBOU

7/1/4

BESLUIT

aa

Dat goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huurooreenkoms ten opsigte van Winkel Nr. 2 aan Mnr. MD Mostert (Mostert Uitrusters) teen ’n huurbedrag van R6,370.00 per maand BTW uitgesluit vir ’n termyn van 5 jaar met ingang van 01 November 2014. Voorts dat geen verdere opsie om hierdie ooreenkoms na 31 Oktober 2019 te hernu verleen word nie.

8.1.11 HERNUWING VAN HUURKONTRAK: MOSTERT SKOEN BOETIEK: WINKEL NR. 1: EM MOSTERT
7/1/4

BESLUIT

aa

Dat goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huurooreenkoms ten opsigte van Winkel Nr. 1 aan Mnr. EM Mostert (Mostert Skoen Boetiek) teen 'n huurbedrag van R5,320.00 per maand BTW uitgesluit vir 'n termyn van 5 jaar met ingang 01 November 2014. Voorts dat geen verdere opsie om hierdie ooreenkoms na 31 Oktober 2019 te hernu verleen word nie.

8.1.23 AANWYS VAN 'n VERTEENWOORDIGER OM OP SELEKSIE KOMITEE TE DIEN: DEPARTEMENT: LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING
10/1

Afgehandel

8.1.35 EXTENSION OF CONTRACT: ACTING DIRECTOR: COMMUNITY SERVICES: MR. R KLINK
SP

RESOLVED

dkd
bp

That approval be granted that the contract of Mr. R Klink, Acting Director: Community Services be extended for (3) months with effect from 01 December 2014 till 28 February 2015, and consent be obtained from the MEC: Local Government in accordance with Section 56(i)(c) of the Municipal Systems Act.

8.8 AGTERSTALLIGE SKULDE: DEERNISHUISHOUDINGS: R4 018 046.32
5/14/1

BESLUIT

aa

Dat goedkeuring verleen word dat alle agterstallige skuld ten bedrae van R4 018 046.32 soos uiteengesit in Bylae 429 tot 646 van die agenda, afgeskryf word.

8.18 REVIEW: INTEGRATED WASTE MANAGEMENT PLAN (IWMP)
13/5/2

RESOLVED

ba

That the reviewed Integrated Waste Management Plan (IWMP) attached as Annexure 756 to 805 of the agenda, be approved.

8.21 REMUNERATION: DIRECTORS
SP

See Separate Minute book.

ADDENDUM-AGENDA

8.23 UPPER LIMIT: COUNCIL REMUNERATION
5/16/1

RESOLVED

dkd

That a Special Council meeting be convened as soon as possible when confirmation for the remuneration of public representation is received from the Office of the Minister of Local Government.

8.24 REKENING: STAAT // ANELE MOLETSANE + 59 ANDER: KLAGTE: OPENBARE GEWELD
3/4/6

Die Speaker lê 'n skrywe dateer 11 September 2014 ontvang van Crawfords en aangeheg as Bylae 1 tot 3 tot hierdie agenda aan die Raad voor met betrekking tot die rekening van openbare geweld tussen die Staat en Anele Moletsane + 59 Ander, waarna die Raad soos volg:-

BESLUIT

mb

Dat goedkeuring verleen word dat die verminderde rekening ten bedrae van R7 500.00 aan Crawfords uitbetaal word.

8.25 MERWEVILLE: VERLORE WATERTOKENS: ME. K MASOES
13/1/4

Die Speaker lê 'n ongedateerde skrywe ontvang van Me. K Masoes aangeheg as Bylae 4 tot hierdie notule aan die Raad voor met betrekking tot verlore watertokens wat me. Masoes opgetel het en in haar besit het, waarna die Raad soos volg:-

BESLUIT

dkd

8.25.1 Dat die betrokke persone aangespreek word oor hul nalatigheid.

8.25.2 Dat ondersoek ingestel word om die na-ure water verkope van Merweville te verleng om dié probleem uit die weg te ruim.

Die Munisipale Bestuurder meld dat hy ‘n beloning van R100.00 aan Me. K Masoes uit eie fondse sal oorhandig.

Die Munisipale Bestuurder verlaat die vergadering voor die bespreking van items 8.26 en 8.27 waarna mnr. AC Makendlana die stoel inneem as Wrnde. Munisipale Bestuurder.

8.26 WAARNEMING: DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE: MNR. J BOOYSEN
SP J Booysen

Die Speaker lê ’n skrywe dateer 12 Desember 2014 aangeheg as Bylae 5 tot hierdie notule ter tafel waarin die Munisipale Bestuurder die Raad versoek om oorweging daaraan te skenk om aan hom ’n aantal dae verlof te verleen as vergoeding vir diens verrig as Direkteur: Finansiële Dienste.

BESLUIT

bp

Dat goedkeuring verleen word vir die toestaan van 10 dae vakansieverlof aan Mnr. J Booysen wat nie afkoopbaar is nie, as blyk van waardering vir dienste verrig as Direkteur: Finansiële Dienste.

8.27 REIS- EN VERBLYF: EERSTE 500 KILOMETER PER MAAND
SP J Booysen

Die Speaker lê ’n skrywe dateer 12 Desember 2014 aangeheg as Bylae 6 tot hierdie notule ter tafel waarin die Munisipale Bestuurder die Raad versoek om oorweging daaraan te skenk om die bepaling van sy dienskontrak aan te pas ooreenkomstig staatskoerant 3725 dateer 7 Maart 2013 insoverre dit handel met betrekking tot reiskostes waar die eerste 500 km afgetrek is. Voorts dat waar sedert 7 Maart 2013 afgetrek is van sy reiskoste, dit dienooreenkomstig aan die Munisipale Bestuurder terugbetaal word waarna die Raad as volg:-

BESLUIT

bp

8.27.1 Dat die bepaling in die dienskontrak van die Munisipale Bestuurder met betrekking tot die eerste 500 kilometer wat per maand aftrekbaar is, dienooreenkomstig geskrap word.

8.27.2 Dat in gevalle na Maart 2013 waar die eerste 500 kilometer afgetrek is dien-ooreenkomstig aan mnr. J Booysen en alle ander Senior Bestuurders wat soortgelyk aangeslaan is, uitbetaal word.

Die vergadering verdaag om **12:45.**

Notule bekragtig hierdie ___ dag van _____2014.

_____
SM Motsoane
SPEAKER